# KERKORDE

## Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië

| Weergawe: | Goedgekeur deur die Alg Vergaderig Aug 2013 |
|---|---|

## Inhoudsopgawe


**Inleiding ..... 4**
**1.0 DIE KERK ..... 4**
1.1 Die Kerk se belydenisgrondslag ..... 4
1.2 Lidmaatskap ..... 5
1.3 Kerkregering ..... 5
1.4 Verhoudings met ander kerke ..... 5
**2.0 DIE GEMEENTE ..... 6**
2.1 Definisie ..... 6
2.2 Stigting van nuwe gemeentes 6
2.3 Vorming van nuwe gemeentes by kerkplanting 6
2.4 Inlywing van bestaande gemeentes ..... **Error! Bookmark not defined.**
**3.0 BESONDERE BEDIENINGE ..... 7**
3.1 Predikant ..... 7
3.1.1 Verantwoordelikhede ..... 7
3.1.2 Ordening van predikante. ..... 7
3.2 Ouderling ..... 8
3.2.1 Verantwoordelikhede ..... 8
3.2.2 Vereistes ..... 8
3.3 Diaken ..... 9
3.3.1 Verantwoordelikhede ..... 9
3.3.2 Vereistes ..... 9
3.4 Verkiesing en dienstermyn van ouderlinge en diakens ..... 9
3.4.1 Nominasie ..... 9
3.4.2 Afkondiging ..... 9
3.4.3 Verkiesing ..... 9
3.4.4 Bevestiging ..... 10
3.4.5 Dienstermyn ..... 10
3.5 Betaalde Personeel ..... 10
**4.0 VERGADERINGS OP GEMEENTEVLAK ..... 10**
4.1 Gemeentevergadering ..... 10
4.1.1 Samestelling ..... 10
4.1.2 Werkswyse ..... 10
4.1.3 Funksies ..... 11
4.2 Kerkraad ..... 11
4.2.1 Samestelling ..... 11
4.2.2 Werkswyse ..... 11
4.2.3 Funksies ..... 11
4.2.4 Dagbestuur ..... 12
4.2.4.1 Samestelling ..... 12
4.2.4.2 Vergaderings ..... 12
4.2.5 Ouderling- en Diakenvergaderings ..... 12
4.2.6 Ander komitees en taakgroepe ..... 13
4.3 Finansiële komitee ..... 13
**5.0 ALGEMENE VERGADERING ..... 13**
5.1 Samestelling ..... 13
5.2 Vergaderings ..... 14
5.3 Funksies ..... 14
**6.0 MEERDERHEDE BY BESLUITNEMING ..... 15**
**7.0 EREDIENS ..... 15**
7.1 Deelname en lei van erediens ..... 15
7.2 Liturgie ..... 15
7.3 Formuliere ..... 15
7.4 Sang ..... 15

**8.0 SAKRAMENTE** ..... 16
**8.1 Bediening van die sakramente** ..... 16
**8.1.1 Doop** ..... 16
**8.1.2 Nagmaal** ..... 166
**9.0 ONDERRIG** ..... 16
**9.1 Geloofsonderrig** ..... 166
**9.1.1 Geloofsonderrig-Leier** ..... 166
**9.1.2 Leiers** ..... 17
**9.1.3 Onderrigmateriaal** ..... 17
**9.2 Toerusting van lidmate** ..... 17
**9.3 Toerusting van ampsdraers** ..... 17
**10.0 GESTUURDHEID** ..... 177
**11.0 VERHOUDINGS NA BUITE** ..... 17
**12.0 OPSIG EN TUG** ..... 177
**12.1 Opsig** ..... 18
**12.2 Tugmaatreëls** ..... 18
**12.2.1 Lidmate** ..... 188
**12.2.2 Kerkraadslede** ..... 188
**12.2.3 Predikant** ..... 19
**12.3 Appèl en versoek tot bemiddeling** ..... 19
**13.0 EIENDOMME EN ANDER BATES VAN DIE KERK** ..... 19
**14.0 WYSIGING VAN DIE KERKORDE** ..... 19

# KERKORDE

**Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië/**

## Inleiding

Van die begin van die wêreld tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou Christus ons Here vir Hom ’n kerk deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof. Deur Hom lewend gemaak, is ons van hierdie kerk lewende lede tot in ewigheid.

Aangesien daar onder Afrikaanssprekende immigrante in Australie ’n sterk behoefte bestaan aan ‘n Gereformeerde bediening wat ook ten volle in Afrikaans kan bedien, is die kerkverband opgerig in 2009.

### 1.0 DIE KERK

Die naam van die kerk is:

**Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië/**
**Reformed Evangelical Church of Australia**
(hierna genoem **die Kerk**)

Die Kerk is outonoom en funksioneer onafhanklik van enige ander kerk.

### 1.1 Die Kerk se belydenisgrondslag

Die Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.

Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word uitgedruk in die Formuliere van Eenheid (soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls) asook die Westminster Confession.

Die Kerk onderskryf die volgende Algemene Geloofsbelydenisse:
Apostoliese Geloofsbelydenis (12 Artikels)
Geloofsbelydenis van Nicea
Geloofsbelydenis van Athanasius

## 1.2 Lidmaatskap

In sy groot liefde bring die Drie-enige God in Jesus mense saam in sy kerk. Mense wat hulle hele saligheid in Hom verwag, gewas is in sy bloed, geheilig en verseël is in die Heilige Gees en Hom as hulle enigste Saligmaker aangeneem het. Hierin is hulle saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees op grond van die geloof.

Op grond hiervan is **'n lidmaat** 'n persoon wat die belydenisgrondslag van die Kerk onderskryf en hom/haar amptelik aan 'n gemeente van die Kerk verbind het, asook die kinders van lidmate van die gemeente.

**'n Belydende lidmaat** is 'n lidmaat wat deur die kerkraad erken word as iemand wat:

a. deur 'n predikant met water gedoop is in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;
b. in die openbaar sy/haar geloof in die Drie-Enige God bely en
c. versoek het om as deel van die gemeente sy/haar dissipelskap uit te leef.

Persone word op een van die volgende maniere lidmate van 'n gemeente:

a. Dooplidmate, met die bediening van die Heilige Doop in die gemeente;
b. Na geloofsonderrig deurloop is, kan dooplidmate of ander persone toegelaat word om deur die openbare belydenis van geloof in 'n erediens belydende lidmate van die gemeente te word;
c. Deur die oordrag van lidmaatskap van 'n Gereformeerde Kerk na die gemeente;
d. Deur aanvaarding as lidmate, van persone uit nie-gereformeerde Kerke, deur die kerkraad na 'n gesprek oor die belydenis van die gemeente;
e. Die beleid van dubbele lidmaatskap word in uitsonderlike gevalle gehandhaaf waar persone hulle lidmaatskap van 'n vorige kerk wil behou.

By gemeentes kom die gebruik soms voor om persone wat na 'n gemeente oorkom of hulle by 'n gemeente voeg, tydens 'n intekeningsgeleentheid in 'n erediens te verwelkom. By so 'n geleentheid word 'n Verbintenis (vgl Bylaag 1) by die erediens onderteken. Vanuit hierdie verbintenis streef lidmate daarna om op verskillende maniere mekaar by te staan en in die geloof aan te moedig.

## 1.3 Kerkregering

Die kerkregering is gegrond op die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.

## 1.4 Verhoudings met ander kerke

Op interkerklike vlak streef die Kerk na gesonde verhoudings met en wedersydse respek vir ander kerke en kerklike instansies sodat eenheid in die Kerk van Jesus Christus bevorder kan word.

## 2.0 DIE GEMEENTE

### 2.1 Definisie

'n Gemeente bestaan uit daardie lidmate wat in 'n spesifieke gebied saamkom vir aanbidding.

### 2.2 Stigting van nuwe gemeentes

Nuwe gemeentes kan tot stand kom by afstigting van ‘n bestaande gemeente wanneer die bearbeiding van die lidmate met meer vrug binne ‘n afsonderlike gemeente kan geskied. By afstigting sal ‘n voorstel met betrekking tot die afstigting en, indien van toepassing, die verdeling van die oorspronklike gemeente se lidmate, bates en laste tussen die twee nuwe gemeentes, deur die kerkraad aan die gemeentevergadering vir goedkeuring voorgelê word. Hierdie gemeente is outomaties lid van die Kerk.

### 2.3 Vorming van nuwe gemeentes by kerkplanting

Wanneer 'n nuwe gemeente geplant word deur mense wat nie inskakel by 'n bestaande gemeente van die kerk nie, sal die bediening/gemeente wat betrokke is met die planting toesien dat dit geskied volgens die gereformeerde tradisie/kerkreg. Die dagbestuur van die Algemene Vergadering moet geken word in die proses. Indien ‘n bediening/gemeente van die kerk nie by die planting betrokke is nie, kan die dagbestuur ‘n bediening/gemeente aanwys, om as voog die nuwe te stigte gemeente by te staan. Die nuwe gemeente moet die Kerkorde en belydenisgrondslag van die kerk amptelik aanvaar en onderskryf. Na die stigting van die nuwe gemeente moet die gemeente formeel by die Algemene Vergadering aansoek doen om as gemeente van die kerk ingelyf te word .

### 2.4 Inlywing van bestaande gemeentes

Wanneer ‘n reeds bestaande gemeente van enige ander kerk die wens uitspreek om by die Kerk ingelyf te word, kan die Algemene Vergadering die inlywing van die gemeente as sodanig of die individuele lidmate daarvan by ‘n gemeente van die Kerk goedkeur indien die betrokke gemeente die belydenisgrondslag en kerkorde van die Kerk aanvaar en onderskryf.

## 3.0 BESONDERE BEDIENINGE

Die kerk erken, benewens die algemene bediening van die gelowige, die drie besondere bedieninge waaraan Christus die dienswerk van sy Kerk toevertrou het, naamlik diè van lerende ouderling (predikant), regerende ouderling en diaken.

Hierdie drie bedieninge is gelykwaardig, maar word op grond van opdrag en werk onderskei. Niemand kan in een van hierdie bedieninge dien tensy hy/sy op 'n wettige wyse verkies of benoem en bevestig is nie. Alle belydende lidmate van ’n gemeente is verkiesbaar tot die besondere bedieninge. Plaaslike kerkrade het die bevoegdheid om die bedieninge aan te wend en te benoem in ooreenstemming met plaaslike en praktiese omstandighede en behoeftes. Addisionele bestuurs- en bedieningsposte kan daargestel word volgens behoefte.

### 3.1 Predikant

Die Predikant is ‘n bedienaar van die Woord en die sakramente.
Om as Predikant in ‘n gemeente bevestig te kan word, moet ‘n predikant:

a. Voldoende opleiding ontvang het soos deur die Algemene Vergadering goedgekeur.
b. Getuigskrifte/verwysings van goeie stand onder andere van sy/haar vorige gemeente voorlê.
c. Die belydenisgrondslag van die kerk onderskryf.
d. Wettig deur ‘n gemeentevergadering as predikant beroep, benoem of aangestel word.

#### 3.1.1 Verantwoordelikhede

a. Verkondiging van die Woord en diens van die gebede;
b. Lei van die erediens;
c. Bediening van die sakramente;
d. Onderrig van of toesig oor die onderrig van finale jaar katkisante;
e. Pastorale sorg van die gemeente;
f. Hantering, saam met die ouderlinge, van die opsig en toesig oor die gemeente;
g. Hanteer ander take soos uiteengesit in die beroepsbrief; diensooreenkoms of besluite van die kerkraad;
h. Toerusting van die ander kerkraadslede asook die lidmate vir hulle dienswerk.

#### 3.1.2 Ordening van Predikante.

Ongeordende predikante word met bevestiging in hul amp in die gemeente georden, na goedkeuring deur die Algemene Vergadering verkry is. Alle aansoeke vir ordening van predikante moet met bewyse dat aan bogenoemde bepalings (3.1) asook vereistes van die Reglement vir die Ordening van Leraars voldoen is, aan die dagbestuur van die Algemene Vergadering voorgelê word vir goedkeuring. Die dagbestuur moet oor elke aansoek verslag doen aan die eersvolgende Algemene Vergadering.

Geordende predikante wat nie meer aktief bedien in ‘n gemeente of bediening van die Kerk nie, kan slegs sy/haar geordende status behou met toestemming van die Algemene Vergadering. Hierdie toestemming moet jaarliks verkry word.

Optrede deur besoekende leraars word deur die kerkraad gereël met inagneming van voorgaande bepalings.

## 3.2 Ouderling

'n Ouderling is ‘n belydende lidmaat wat deur die gemeente verkies is om geestelike leiding te neem en om toesig te hou oor die suiwerheid van die leer en die lewenswandel van die predikant (e) en lidmate van die gemeente.

### 3.2.1 Verantwoordelikhede

a. Opsig oor die leer en lewenswandel van die predikant (e).
b. Toesig oor en die handhawing van orde en dissipline by eredienste en bediening van die sakramente.
c. Toesig oor die suiwerheid van die leer wat verkondig word.
d. Verantwoordelik vir en aktief betrokke by die geestelike lewe en welsyn van die wyk/gemeente.
e. Verantwoordelik vir en aktief betrokke by die geloofsonderrig.
f. Verantwoordelik vir en aktief betrokke by die roeping om ander na Christus te lei binne en buite die gemeente
g. Die toerusting van die lidmate vir hulle dienswerk.

### 3.2.2 Vereistes

Om as ‘n ouderling verkies te word, moet die persoon
a. ‘n belydende lidmaat van die gemeente wees;
b. ‘n deeglike kennis hê van die Skrif;
c. onberispelik in leer en wandel wees, soos in 1 Timoteus 3 beskryf;
d. nie onlangs tot geloof gekom het nie;

e. bekwaam wees om ander te onderrig.

Die verkiesing vind plaas soos in 3.5 hieronder bepaal.

## 3.3 Diaken

'n Diaken is 'n belydende lidmaat wat deur die gemeente verkies is om dienswerk te verrig volgens die behoefte van die gemeente.

### 3.3.1 Verantwoordelikhede

Dienslewering sodat dit vir die predikant en ouderlinge moontlik is om te fokus op die geestelike bearbeiding van die gemeente volgens Hand 6:1-7.

### 3.3.2 Vereistes

a. 'n Diaken moet 'n belydende lidmaat van die gemeente wees.
b. 'n Diaken moet onberispelik in leer en lewenswandel wees, soos in 1 Timoteus 3 omskryf.
c. Die verkiesing vind plaas soos in 3.5 hieronder bepaal.

## 3.4 Verkiesing en diensstermyn van ouderlinge en diakens

### 3.4.1 Nominasie

Wanneer die kerkraad of die dagbestuur bewus word van 'n vakature vir 'n ouderling of diaken kan daardie kerkraad of dagbestuur:

a. 'n datum bepaal vir 'n gemeentevergadering waar 'n verkiesing vir die vulling van die vakature gehou sal word;
b. een of meer persone nomineer om die betrokke vakature te vul totdat die kerkraadslede verkies kan word op 'n gemeentevergadering.

### 3.4.2 Afkondiging

Die datum van die gemeentevergadering en die bestaan van die vakature(s) word op twee agtereenvolgende Sondae bekend gemaak. Gemeentelede word uitgenooi om nominasies vir die vul van die vakature(s) skriftelik by die toepaslike adres/persoon in te dien.

### 3.4.3 Verkiesing

a. Tydens die gemeentevergadering word die nominasies deur die kerkraad en nominasies vanuit die gemeente aan die vergadering voorgelê. Indien daar meer as een nominasie vir 'n vakature is, word 'n verkiesing per stembrief of dmv hand-opsteek gehou.
b. Alle belydende lidmate is stemgeregtig.
c. Die name van verkose kerkraadslede word twee agtereenvolgende Sondae vir goedkeuring aan die gemeente voorgehou. Indien 'n skriftelike beswaar ontvang word, word dit deur die kerkraad hanteer.

### 3.4.4 Bevestiging

a. Die verkose persoon word skriftelik daarvan in kennis gestel.
b. Indien daar binne twee weke na die verkiesing geen skriftelike beswaar teen die verkose persoon ingebring word of ‘n beswaar nie gehandhaaf word nie, word die persoon tydens ‘n erediens in die amp waartoe hy/sy verkies is, bevestig.

### 3.4.5 Dienstermyn

Die dienstermyn van kerkraadslede en ander bedieningsleiers word deur die kerkraad bepaal.

## 3.5 Betaalde Personeel

Die kerkraad

a. bepaal die behoefte aan personeel vir die uitvoering van die Kerk se werksaamhede en stel ‘n organisasiestruktuur te dien effekte op;
b. skep en verander poste binne die organisasiestruktuur, stel posbeskrywings en dienskontrakte daarvoor op en bepaal die vergoeding betaalbaar aan die bekleërs van sodanige poste;
c. werf en stel personeel in die betrokke poste aan op ‘n deursigtige wyse in ooreenstemming met al die toepaslike wetgewing wat in Australië geld.

# 4.0 VERGADERINGS OP GEMEENTEVLAK

## 4.1 Gemeentevergadering

### 4.1.1 Samestelling

‘n Gemeentevergadering word saamgestel volgens die bepalings van elke gemeente se goedgekeurde Konstitusie. Indien daar meer as een bedieningspunt in die gemeente is, bepaal die gemeente self op watter wyse besluite gesamentlik of afsonderlik geneem gaan word. Die beginsel is dat soveel as moontlik verantwoordelikheid op plaaslike vlak deur die bedieningspunt geneem sal word, dus kan gemeentevergaderings ook by die bedieningspunte afsonderlik gehou word.

’n Kworum word bepaal volgens die konstitusie.

### 4.1.2 Werkswyse

a. Lidmate kan sake wat hulle op die gemeentevergadering bespreek wil hê, skriftelik by die skriba of voorsitter inhandig om op die agenda geplaas te word.

b. Die kerkraad gee minstens twee weke vooraf kennis van die gemeentevergadering met kennis van die agenda van die vergadering.
c. Die voorsitter van die vergadering word aangewys soos deur die gemeente se konstitusie bepaal.
d. Die skriba hou behoorlik notule van die vergadering.

### 4.1.3 Funksies

a. Die beroeping van leraars en die afstigting van gemeentes.
b. Verkiesing van kerkraadslede.
c. Bespreking van sake van belang vir die betrokke gemeente of bedieningspunt.
d. Goedkeur van die jaarlikse begroting.

## 4.2 Kerkraad

### 4.2.1 Samestelling

'n Kerkraad bestaan uit die ampsdraers en leiers van die betrokke gemeente wat volgens die kerkorde verkies, aangewys en bevestig is.

Die kworum is meer as die helfte van die lede.

### 4.2.2 Werkswyse

a. Die kerkraad vergader soos bepaal deur die kerkraad.
b. Die kerkraad verkies die voorsitter vanuit hulle geledere. 'n Predikant kan ook as voorsitter gekies word. In die voorsitter se afwesigheid word 'n waarnemende voorsitter verkies.
c. Die skriba hou behoorlik notule van die vergaderings van die kerkraad.
d. Die kerkraad kan die dagbestuur van die Algemene Vergadering vra om vir 'n spesifieke doel afgevaardigde(s) in raadgewende hoedanigheid te stuur.

### 4.2.3 Funksies

Die kerkraad

a. bepaal die bestuursmodel van die gemeente;
b. sien toe dat eredienste gereeld plaasvind en dat die sakramente gereeld bedien word;
c. sorg vir die instandhouding van die geloofsonderrig;
d. hou toesig oor die geestelike versorging van alle lidmate;
e. verseker die behoorlike bestuur van die gemeente;
f. bestuur die finansies en bates van die gemeente in oorleg met die finansiële komitee en die tesourier;

g. bestuur en inisieer, waar nodig, aksies binne die gemeente om sodoende die gemeenskap van die gelowiges te versterk;
h. hanteer alle huishoudelike sake van die gemeente;
i. bepaal die diensvoorwaardes en vergoeding van die ampsdraers en personeellede;
j. kan aanbevelings maak ten opsigte van die wysiging van die kerkorde en wysigings vanaf die Algemene Vergadering goedkeur;
k. reël en keur gaspredikers;
l. delegeer sodanige bevoegdhede as wat hy goeddunk aan die dagbestuur van die kerkraad.

### 4.2.4 Dagbestuur

#### 4.2.4.1 Samestelling

a. Die samestelling van die dagbestuur, indien nodig, word deur die kerkraad bepaal.
b. Die kerkraad kan na behoefte leiers aanwys om op die dagbestuur te dien veral waar spesialis-kundigheid vereis word. Diesulkes word deur die kerkraad goedgekeur en bevestig in die posisie (s) vir ‘n termyn soos deur die kerkraad bepaal.
c. Die dagbestuur koöpteer, wanneer nodig, ander lidmate van die gemeente by besprekings waar hulle waardevolle insette kan lewer.

#### 4.2.4.2 Vergaderings

a. Tussen vergaderings van die kerkraad word dringende sake na die dagbestuur verwys. Die dagbestuur kan ook gedelegeerde sake en reëlings op 'n deurlopende basis hanteer.
b. Die dagbestuur vergader soos nodig.
c. Daar word ten minste drie dae kennis vereis van dagbestuursvergaderings, tensy eenparig toegestem word tot korter kennisgewing.
d. Die notule van ‘n dagbestuursvergadering word op die eers-volgende kerkraadsvergadering voorgelê vir goedkeuring.
e. ‘n Kworum is meer as die helfte van die lede.

### 4.2.5 Ouderling- en Diakenvergaderings

a. Die kerkraad kan waar benodig, reël vir ouderling- en/of diakenvergaderings.
b. Die riglyne, funksionering en take van die ouderling- en diakenvergaderings word deur die kerkraad bepaal.
c. Die onderskeie vergaderings kan uit eie geledere ‘n voorsitter, onder-voorsitter en sekretaris aanwys waar omstandighede dit vereis.

### 4.2.6 Ander komitees  en taakgroepe

Die kerkraad kan na goeddunke komitees en/of taakgroepe aanwys en aan sodanige komitees en/of taakgroepe verantwoordelikhede en bevoegdhede delegeer. Enige lidmaat van die kerk kan op so 'n komitee dien.

## 4.3 Finansiële komitee

Die kerkraad wys ‘n finansiële komitee aan in ooreenstemming met die gemeente se konstitusie.

Die finansiële komitee sorg dat

a. alle finansiële transaksies van die gemeente behoorlik geboekstaaf word;
b. volledig en gereeld verslag aan die kerkraad ten opsigte van die gemeente se finansies gedoen word;
c. ‘n begroting jaarliks aan die kerkraad voorgelê word vir goedkeuring;
d. geouditeerde of gesertifiseerde state jaarliks aan die kerkraad vir goedkeuring en aan die gemeentevergadering vir kennisname voorgelê word;
e. die uitgawes in ooreenstemming met die goedgekeurde begroting geskied.

## 5.0 ALGEMENE VERGADERING

## 5.1 Samestelling

a. Die Algemene  Vergadering bestaan uit twee afgevaardigde lede uit elke gemeente of organisasie vanuit hulle eie lede of personeel. Indien ‘n gemeente meer as een leraarspos het, word daardie gemeente of organisasie toegelaat word om twee afgevaardigdes per leraarspos af te vaardig.
b. Die afgevaardigdes word aangewys vir ‘n termyn van een jaar. ‘n Afgevaardigde kan weer afgevaardig word vir ‘n volgende termyn.
c. Die afgevaardigdes wys uit eie geledere ’n voorsitter, onder-voorsitter en skriba vir die vergadering aan. Hulle dien  vir ’n termyn van een jaar en is by die verstryking van hul termyn herkiesbaar.
d. Die verkiesing van die nuwe voorsitter, ondervoorsitter en skriba vind plaas aan die einde van die laaste vergadering van die termyn.
e. Die voorsitter, ondervoorsitter en skriba vorm die dagbestuur van die Algemene  Vergadering wat sake van die Algemene  Vergadering tydens die reses hanteer met terugrapportering aan die eersvolgende Algemene Vergadering. Addisionele lede kan tot die dagbestuur verkies word soos benodig.

## 5.2 Vergaderings

a. Enige belydende lidmaat van die Kerk mag Algemene Vergaderings van die Kerk bywoon as besoeker;
b. Die Algemene Vergadering vergader minstens een keer per jaar.

## 5.3 Funksies

Die Algemene Vergadering hanteer die volgende sake:

a. Beleidsake wat die Kerk as geheel raak.
b. Die belydenisgrondslag van die Kerk.
c. Ekumeniese skakeling.
d. Samesmelting en stigting van gemeentes.
e. Inlywing van ander kerke of gemeentes by die Kerk.
f. Samesmelting van die Kerk met ‘n ander kerk.
g. Langtermynbeplanning.
h. Opleiding, voortgesette toerusting en versorging van predikante van die Kerk.
i. Bepaling van formuliere vir gebruik in die kerk
j. Wysiging van die kerkorde.
k. Bepaling van opleidings- en kwalifikasievereistes van predikante ooreenkomstig die bepalings van klousule 3.1
l. Ondersoek, aanhoor en uitspraak/beslissing oor tugmaatreëls wat na die Algemene Vergadering verwys is.
m. Ander sake deur die gemeentes vir oorweging voorgelê.

Oor die volgende sake het die Algemene Vergadering bevoegdheid om finale besluite te neem:

a. Beleidsake wat die Kerk as geheel raak.
b. Ekumeniese skakeling.
c. Samesmelting en stigting van gemeentes.
d. Inlywing van ander kerke of gemeentes by die Kerk.
e. Langtermynbeplanning.
f. Opleiding, voortgesette toerusting en versorging van predikante van die Kerk.
g. Bepaling van opleidings- en kwalifikasievereistes van predikante ooreenkomstig die bepalings van klousule 3.1
h. Ondersoek, aanhoor en uitspraak/beslissing oor tugmaatreëls wat na die Algemene Vergadering verwys is.
i. Ander sake deur die gemeentes voorgelê vir besluitneming.

In geval van die volgende besluite van die Algemene Vergadering word vereis dat bekragtiging deur al die gemeentes verleen word:

a. Die belydenisgrondslag van die Kerk.

b. Wysiging van die kerkorde.
c. Samesmelting van die Kerk met ‘n ander kerk.

Die beginsel dat die plaaslike gemeente volledig kerk is, op eie terrein, word deur die Algemene Vergadering erken.

Die bepalings oor die Algemene Vergadering moet gelees word saam met die Regerings goedgekeurde Konstitusie van die GEKA.

## 6.0 MEERDERHEDE BY BESLUITNEMING

Meer as die helfte van die aanwesige stemgeregtigdes, word in alle gevalle vereis vir besluitnemingsdoeleindes, behalwe waar uitdruklik anders vermeld.

## 7.0 EREDIENS

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God drie-enig en Sy gemeente wat bymekaar kom op 'n spesifieke plek en tyd soos deur die kerkraad bepaal. Dit gebeur op God se inisiatief, waartydens Hy hom aan die gemeente openbaar en die gemeente daarop antwoord.

### 7.1 Deelname en lei van erediens

a. Alle lidmate word opgeroep tot deelname aan die erediens.
b. Die kerkraad van ‘n gemeente besluit wie eredienste in die gemeente lei.

### 7.2 Liturgie

Die liturgiese volgorde en inhoud van die erediens word deur die predikant in oorleg met die kerkraad bepaal.

### 7.3 Formuliere

Vir die volgende handelinge word ‘n formulier gebruik:

a. Nagmaal
b. Doop
c. Belydenisaflegging
d. Bevestiging van ampsdraers
e. Huwelik
f. Begrafnis
g. Afsnyding en her-opname in die gemeente

### 7.4 Musiek en sang

Die predikant in oorleg met die kerkraad, bepaal watter musiek, instrumente, liedere en liedbundels tydens eredienste en ander geleenthede gebruik word.

## 8.0 SAKRAMENTE

Die Kerk erken die Doop en Nagmaal as sakramente deur Christus ingestel.

Die simbool van water by die Heilige Doop (Mat. 28:18-20) is 'n teken van die afwassing van sonde en van die nuwe lewe in Christus en inlywing in die liggaam van Christus.

Die simbole van brood en wyn by die Heilige Nagmaal is tekens van Christus se liggaam wat gebreek is en bloed wat vergiet is en herinner aan God se voorsienigheid en liefde(1 Kor 11:23-26).

### 8.1 Bediening van die sakramente

a. Die bediening van die sakramente geskied deur ‘n predikant of ‘n ander ampsdraer behoorlik daartoe gemagtig. Verkieslik moet ten minste een kerkraadslid teenwoordig wees en Woordverkondiging ook plaasvind.
b. Die prosedure by die bediening van en toelating tot die Heilige Nagmaal en Doop word deur die kerkraad bepaal.

### 8.1.1 Doop

a. Die doop word deur ‘n predikant met water bedien in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.
b. Die Kerk aanvaar beide die verbondsdoop en die bekeringsdoop as gestaltes van die sakrament.

### 8.1.2 Nagmaal

a. Die Nagmaal word bedien met brood en wyn/druiwesap as simbole.

## 9.0 ONDERRIG

### 9.1 Geloofsonderrig

Kinders en volwassenes wat begeer om belydenis van geloof af te lê, ontvang geloofsonderrig voordat hul as lidmate van die kerk toegelaat word.
Die kerkraad is verantwoordelik om toe te sien dat geloofsonderrig in die gemeente plaasvind.
Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om toe te sien dat kinders die geloofsonderrig-geleenthede bywoon.

### 9.1.1 Geloofsonderrig-Leier

'n Geloofsonderrig-leier word deur die kerkraad aangestel en hy/sy doen op versoek aan die kerkraad verslag oor die werksaamhede van die geloofsonderrig.

### 9.1.2 Leiers

Belydende lidmate uit die gemeente tree as leiers op, onder leiding van die geloofsonderrig-leier.

### 9.1.3 Onderrigmateriaal

Die kerkraad besluit oor die leerstof wat in die verskillende jaargroepe van die geloofsonderrig behandel sal word en oor die handboeke en ander studiemateriaal wat daarby gebruik word.

## 9.2 Toerusting van lidmate

Die kerkraad aktiveer, organiseer en rus lidmate toe vir hul Skrifgefundeerde dienswerk. Die doel hiervan is die opbouing van die liggaam van Christus asook die uitbreiding van die koninkryk van God.

## 9.3 Toerusting van ampsdraers

Ten einde hulle taak tot die beste van hulle vermoë te verrig, is dit die verantwoordelikheid van elke verkose ampsdraer om self sy/haar kennis van die Woord van God te verbreed, asook om die nodige stappe te neem om vertroud te wees met die pligte en verantwoordelikhede van sy/haar amp. Dit is die verantwoordelikheid van die kerkraad om toe te sien dat ampsdraers voldoende toegerus word vir die uitvoering van hulle taak.

## 10.0 GESTUURDHEID

Die Kerk erken haar verantwoordelikheid ten opsigte van die uitdra van die evangelie op alle terreine en verbind haar om aktief daarby betrokke te wees.

## 11.0 VERHOUDINGS NA BUITE

Enige formele skakeling of uitsprake asook formalisering van ekumeniese verhoudings en skakeling na buite, deur die Kerk, word deur die Algemene Vergadering oorweeg en goedgekeur.

## 12.0 OPSIG EN TUG

Kerklike opsig en tug is noodsaaklik om

a. die eer van God te handhaaf;
b. die sondaar met God, die Kerk en sy naaste te versoen;

c. suiwerheid in die gemeente te handhaaf.

## 12.1 Opsig

a. Die kerklike opsig en tug moet altyd 'n geestelike karakter dra. Daarom moet die opsieners by die uitoefening daarvan, waar moontlik, die toon van die burgerlike regspleging vermy. Hulle mag hulself nooit as regters beskou nie, maar moet as vaderlike opsieners met diepe ootmoed voor God en met tere liefde en belangstelling die oortreders probeer terugbring van hul dwaalweë, sonder aansien van die persoon.
b. Dit is alle lidmate in die gemeente se plig om mekaar te vermaan. In die besonder is dit die verantwoordelikheid van die predikant (e) en die ouderling(e).
c. Die kerklike opsig en tug strek hom uit oor die hele lewenswandel en leer van al die lidmate, insluitende ampsdraers en predikante, en gaan oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die belydenis van die kerk en die orde en dissipline in die gemeente indruis.

## 12.2 Tugmaatreëls

Wanneer tugmaatreëls toegepas word, moet duidelik onderskei word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde. Die volgende riglyne geld in hierdie verband.

### 12.2.1 Lidmate

a. Die sonde(s) waaroor die lidmaat berou het nadat hy/sy deur een persoon afsonderlik of in die teenwoordigheid van twee of meer getuies in liefde vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie.
b. As die lidmaat, nadat hy/sy deur twee of meer persone in liefde vermaan is, geen gehoor gee nie of as dit 'n openbare sonde is wat bedryf is, moet dit by die kerkraad aanhangig gemaak word.
c. Diegene wat die vermaning van die kerkraad verwerp, kan onder sensuur geplaas word. Sensuur bestaan uit die onthouding van die sakramente, sowel as die opskorting van lidmaatregte.
d. Indien daar genoegsame bewys van berou by die lidmaat is, word die sensuur deur die kerkraad opgehef en die lidmaat in sy/haar amp herstel.
e. Waar sensuur toegepas is en die lidmaat in die sonde volhard, kan hy/sy deur die kerkraad van die gemeente afgesny word.

### 12.2.2 Kerkraadslede

a. Die prosedure soos in 11.2.1 hierbo uiteengesit, geld ook in die geval van kerkraadslede.

b. Indien 'n kerkraadslid 'n growwe openbare sonde bedryf wat skandelik in die oë van die Kerk is, word hy/sy dadelik deur die kerkraad gestuit in die amp.
c. Na deeglike ondersoek deur die kerkraad en afhangende van die uitslag van die ondersoek, word hy/sy dan finaal deur die kerkraad geskors met verlies van die gebruik van die sakramente en ander lidmaatregte, of herstel in die amp.

### 12.2.3 Predikant

a. Indien ‘n predikant se lewenswandel en optrede nie in ooreenstemming is met die Woord van God nie, kan hy/sy binne of buite die vergadering van die kerkraad deur die ouderlinge in liefde vermaan word ooreenkomstig Matteus 18.
b. Indien 'n predikant 'n growwe openbare sonde bedryf wat skandelik is in die oë van die Kerk, word hy/sy dadelik deur die kerkraad gestuit in die amp met behoud van salaris.
*c.* Na deeglike ondersoek deur die kerkraad, word daar met die predikant gehandel ooreenkomstig die uitslag van die ondersoek. Sodanige dissiplinêre proses word uitgevoer in ooreenstemming met al die toepaslike arbeids- en ander wetgewing wat in Australië geld.

## 12.3 Appèl en versoek tot bemiddeling

a. Enige persoon wat ontevrede is met tugmaatreëls wat teen hom/haar geneem is, kan hom/haar beroep op die Algemene Vergadering met die oog op bemiddeling.
b. Die hantering van die Algemene Vergadering ontneem nie die persoon die reg om verdere stappe te neem in ooreenstemming met die Arbeidswetgewing (Employment Relations Act 2000) nie.

## 13.0 EIENDOMME EN ANDER BATES VAN DIE KERK

a. Omdat elke gemeente ’n eie regspersoon is, behou die gemeente volledige eienaarskap van hulle eiendomme en bates.
b. By ontbinding van ‘n gemeente, word eiendomme en ander netto bates van die betrokke gemeente oorgedra aan ’n ander gemeente van die Kerk. Aan watter gemeente(-s) dit oorgedra word, word deur die kerkraad van die gemeente wat ontbind word, bepaal volgens hulle Konstitusie.
c. Geen gemeente sal skuld aangaan wat die Kerk as geheel bind nie.

## 14.0 WYSIGING VAN DIE KERKORDE

Wysiging van die kerkorde geskied soos in klousule 5.3 bepaal.